#imagine



# geroep + gestuur

MATTEUS 4:19

# Credo

**Ons is die #Imagine Generasie**

**Ons glo in môre,**
**want Jesus maak nuut.**

**Ons droom van vrede,**
**want God is liefde.**

**Ons bring verandering,**
**want die Gees beweeg.**

**Ons is die kerk van vandag,**
**die leiers van môre.**

ONS IS DIE
#imagine
GENERASIE!!

# Inhoud


1. WAT iS #iMAGiNE? 3

2. HOE GEBRUiK JY HiERDiE BOEKiE? 4

3. GROEP: NAME EN NOMMERS 5

4. YSBREKERS 6

5. SESSiE 1: KOM! (SATERDAGAAND) 7

6. STiLTETYD 9

7. SESSiE 2: VOLG MY! (SONDAGOGGEND) 11

8. SESSiE 3: ViSSERS! (SONDAGAAND) 12

9. SESSiE 4: GEROEP EN GESTUUR! (MAANDAGAAND) 13

10. OPVOLG-BYBELSTUDiES 15

11. ENCOUNTERS (GEBEDSTASiES) 49

12. “CONNECT” AANLYN 50

# Wat is #imagine ?

#imagine is 'n landswye beweging waar jongmense bymekaarkom om te droom, glo en doen. Elke jaar, op dieselfde naweek, word daar drie experiences (kampe) gehou by drie verskillende plekke, waar ons meer oor Jesus leer, Hom loof en prys en ander jongmense van verskillende gemeenskappe regoor Suid-Afrika leer ken.

Die #imaginemovement daag tieners uit om te reageer op die boodskap: God roep jou en wil deur jou lewe werk.

Ons kernteksvers is:

**Aan Hom, wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.**
**Efesiërs 3:20-21**

Now to Him who is able to do immeasurably more than all we ask or **imagine**, according to his power that is at work within us, to Him be glory in the church and in Christ Jesus throughout all generations, for ever and ever! Amen.
Ephesians 3:20-21



# Hoe gebruik jy hierdie boekie?

Welkom by hierdie spesiale boekie wat jou help om jou geloofsreis, tydens en ná die #imagine-experience, voort te sit.

Die eerste deel gebruik jy tydens die naweek se sessies. Daarna volg nog 15 Bybelstudies wat jy alleen of saam met 'n groep kan doen om verder te groei.

Die tema van hierdie jaar se *experience* is oor die roeping van die eerste volgelinge van Jesus. Net soos hulle, is jy...

## GEROEP EN GESTUUR!

**HOE LAAT HIERDIE TEMA JOU VOEL? SKRYF DIT NEER EN AAN DIE EINDE VAN DIE BYBELSTUDIES, KOM TERUG EN LEES WAT JY HIER GESKRYF HET.**



# Groep:

## NAME EN NOMMERS

# Ysbrekers

As jy 'n vis was, watter soort en hoekom?

As jou lewe nou 'n bootrit was – is dit kalm, stormagtig of 'n avontuur?

Sing 'n liedjie oor water/visse.

Sou jy eerder 'n dolfyn of 'n haai wees en hoekom?

Wys vinnig – hoe maak 'n vis?

As jy 'n vissersboot kon benoem, wat sou jy dit noem?

See / dam / rivier / swembad en hoekom?

As jy 2 mense kon kies vir jou visvang-span, wie sou dit wees?

Vis en tjips of sushi?

As jy enige land in die wêreld kon kies om te gaan visvang, waar sal dit wees?

# volg My

## MATTEUS 4:18-22



### Die roeping van die eerste dissipels
(Mark. 1:16-20; Luk. 5:1-11)

18Eendag toe Jesus langs die See van
Galilea loop, sien Hy twee broers: Simon,
wat ook Petrus genoem word, en sy broer
Andreas. Hulle was besig om 'n werpnet in
die see uit te gooi, want hulle was vissers
van beroep. 19Hy sê toe vir hulle: "Kom
hier! **Kom saam met My,** en Ek sal julle
vissers van mense maak."

20Hulle het dadelik die nette gelos en
Hom gevolg.
21Toe Hy daarvandaan verder gaan, sien
Hy twee ander broers: Jakobus 'n seun van
Sebedeus, en sy broer Johannes. Hulle was
in 'n skuit saam met hulle pa besig om hulle
nette reg te maak. Jesus het hulle geroep,
22en hulle het dadelik die skuit en hulle pa
verlaat en vir Jesus gevolg.

# Sessie 1: Kom!

## (SATERDAGAAND)

## LEES MATTEUS 4:18-22

## GROEPSVRAE:

- Noem 3 dinge waarmee jy jou "net" vul? Met ander woorde, watter 3 dinge hou jou besig?
- Hoekom het Jesus vissers geroep?
- Hoe het dit hulle laat voel?
- Hoekom dink jy het hulle dadelik hulle nette gelos en Jesus gevolg?

## HOOFGEDAGTE:

Die dissipels se storie is ook ons storie. Net soos hulle, voel jy dalk doodgewoon, maar Jesus roep JOU. Niks oortref Jesus se onvoorwaardelike liefde nie. Kom ontmoet die Een wat vir JOU roep en sê: Kom saam met My!

## ENCOUNTERS:

JESUS ROEP JOU. HY IS DIE BROOD VAN DIE LEWE, DIE HOEKSTEEN, DIE VISSER VAN MENSE, DIE LIG VIR DIE WÊRELD, DIE LEWENDE WATER, DIE POTTEBAKKER, DIE HERDER, DIE WINGERDSTOK.

# stiltetyd
# (SONDAGOGGEND)

- Raak eers stil en bid.
- Lees die teks twee maal deur.
- Onderstreep wat vir jou uitstaan.

## LEES MATT 9:9-13

**Die roeping van Matteus**
(Mark 2:13-17; Luk 5:27-32)

9Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: "**Volg My**!"

Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.
10Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet. 11Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"

12Maar Jesus het dit gehoor en gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. 13Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."



## SPIEËL - WAT SIEN JY VAN JOUSELF?

As jy Matteus was, hoe sou jy reageer het?



## VENSTER - WAT SIEN JY RAAK VAN DIE HERE?

Jesus roep Matteus en gaan eet by hom. Hoe voel dit om te dink dat Jesus JOU roep en deel van jou lewe wil wees?



## DEUR - WAT KAN JY NOU DOEN?

Die Fariseërs verwag oordeel; Jesus gee aanvaarding. Hoe kan jy ook minder oordeel en meer omgee vandag?

**BID:** Wil jy Jesus volg? Deel jou antwoord met Hom in gebed.

# Sessie 2: Volg my!

# (SONDAGOGGEND)

## LEES MATTEUS 9:9-13


**Matteus 9: 10 "Volg My!"**

## GROEPSVRAE:

- Deel iets oor een van die gebedstasies ("encounters") wat jy gisteraand besoek het.
- Wat sou jy vir Jesus vra as Hy by jou huis kom eet het?
- Hoekom dink jy het Jesus juis by sondaars en tollenaars gaan eet?

## HOOFGEDAGTE:

Jesus roep ook mense soos Matteus met 'n gebroke reputasie. Hy aanvaar hulle – en Hy aanvaar jou, ongeag jou agtergrond. Sy liefde verander en genees. Hy nooi jou om Hom te volg!



# Sessie 3: Vissers!

# (SONDAGAAND)

## LEES MATTEUS 4:18-22

**Matteus 4:19**

Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle **vissers van mense** maak.”

## GROEPSVRAE:

- Vertel van iets wat jy geleer het by een van vandag se werkswinkels.
- Vertel van iemand wat ‘n groot invloed op jou lewe gehad het.
- Wat beteken dit om “vissers van mense” te wees?


## HOOFGEDAGTE:

Een ontmoeting met Jesus verander die dissipels se lewens radikaal. Gewone vissers word geroep en gestuur om te getuig en ander na Hom te lei. Net so roep Jesus jou om jou storie en gawes te deel en ’n verskil te maak.

## ENCOUNTERS:



**JESUS STUUR JOU NA JOU SKOOL, FAMILIE, DORP, “VYANDE”, GEMEENTE, VRIENDE, SUID-AFRIKA EN DIE WĚRELD.**



# LUKAS 8:1-3

**Vroue wat vir Jesus gesorg het**

1In die tyd wat nou gevolg het, het Jesus
die land deurkruis van die een stad en dorp
na die ander. Oral het Hy gepreek en die
evangelie van die koninkryk van God
verkondig.
Die twaalf was saam met Hom 2en daarby
'n aantal vroue.... Maria Magdalena...
3Johanna die vrou van Gusa, 'n hoë
amptenaar van Herodes, en Susanna en
baie ander. Hierdie vroue het **uit eie
middele vir Jesus en die twaalf gesorg.**

# LUKAS 24:8-10

**Jesus het opgestaan**

8Toe het hulle sy woorde onthou 9en van
die graf af teruggegaan en al hierdie dinge
vir die elf en al die ander **vertel**. 10Die
vroue was Maria Magdalena en Johanna en
Maria die ma van Jakobus. Ook die ander
vroue saam met hulle **het dieselfde dinge
aan die apostels vertel.**

# Sessie 4: Geroep en gestuur!

## (MAANDAGOGGEND)

## LEES LUKAS 8:1-3 EN LUKAS 24:8-10

## GROEPSVRAE:

- Waar het jy Jesus hierdie naweek ontmoet?
- Vertel watter gebedstasie ("encounter station") jou gisteraand inspireer het.
- Hoe het die Here met jou gesels deur verhale van die roeping van die eerste volgelinge?
- Wat staan vir jou uit in vandag se tekste?
- Waarvoor is jy dankbaar?
- Waaroor is jy bekommerd t.o.v huis toe gaan?

## HOOFGEDAGTE:

Jesus het ook vroue soos Johanna geroep, wat haar geld gegee het om vir Jesus te sorg. Vroue soos Johanna was ook die eerste getuies van Jesus se opstanding. Jesus wil ook jou gawes, tyd en woorde gebruik. Moenie wag nie - gaan vul jou net en leef jou storie.

## DROOM – GLO – DOEN!



# 1.JAKOBUS

**LEES MARKUS 10:35–37 EN 42–45**
**“DIE SEUN VAN DIE MENS HET OOK NIE GEKOM OM GEDIEN TE WORD NIE, MAAR OM TE DIEN ...”**

## GESELS:

- Dink aan sosiale media – wat is belangriker vir jou: om gewild, ryk of bekend te wees?
- Wat leer Jesus vir Jakobus en Johannes oor wat dit beteken om “belangrik” te wees?
- Is dit waar dat ‘n ware “influencer” eerder ander moet dien?



## DINK:

- Watter deel van hierdie teks help jou om nie jouself met ander te vergelyk nie?
- Hoe kan jy Jesus se manier van dink in jou eie lewe begin inoefen?

## BID:


Here, dankie dat U my onvoorwaardelik liefhet...

# #INFLUENCER

## VOLG JESUS:

ONLANGSE STUDIES WYS DAT OORMATIGE GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA KAN LEI TOT 'N LAER SELFBEELD, EN HOËR VLAKKE VAN ANGSTIGHEID OMDAT JY JOUSELF VERGELYK MET 'N ONEGTE WEERGAWE VAN ANDER MENSE.

WAT MAAK JOU SPESIAAL? SKRYF HIER JOU EIENSKAPPE, VOORKEURE EN STERKPUNTE....



**Fun Fact:** Daar was twee dissipels met die naam Jakobus. Hierdie een het 'n broer gehad met die naam Johannes. Die ander een is "Jakobus die Kleine" genoem.



# 2.JOHANNES

**LEES MARKUS 3:13-19 EN JOHANNES 21:20**
**"TOE PETRUS OMDRAAI, SIEN HY DIE DISSIPEL VOLG VIR WIE JESUS BAIE LIEF WAS."**

## GESELS:

- Daar is baie verskillende definisies van liefde. Hoe sal jy dit beskryf in 5 woorde?
- Johannes was "die geliefde dissipel". Wat beteken dit vir jou dat Jesus gewone, onvolmaakte mense liefhet?
- Hoe sal jy verander as iemand jou beskryf as "Jesus se geliefde"?



## DINK:

- Watter een van jou eie swakpunte sal jy graag wil hê Jesus moet verander, soos Hy Johannes gevorm het?
- Hoe kan jy 'n ware Jesus-volgeling ("follower") wees?

## BID:

Here, dankie vir u liefde. Ek wil u kind wees en U volg.

# #FOLLOWER

## VOLG JESUS:

SLEGS 31% VAN SUID-AFRIKAANSE KINDERS BLY BY TWEE OUERS, 45% RAAK GROOT BY NET HULLE MA'S EN 19% BLY GLAD NIE BY HULLE OUERS NIE. SELFS TIENERS MET OUERS VOEL NIE ALTYD GELIEFD NIE.

MAAK 'N LYS VAN JOU FAMILIE / MENSE WAT VIR JOU OMGEE EN STUUR VIR ELKEEN 'N BEMOEDIGENDE BOODSKAP.


1 ____________________

2 ____________________


3 ____________________

4 ____________________

5 ____________________



**Fun Fact:** Jesus gee vir Jakobus en sy broer Johannes die bynaam "die seuns van donder" (Mark 3:17) – dalk het hulle maklik kwaad geraak. Tog word Johannes later "die dissipel van die liefde" genoem.



# 3.ANDREAS

LEES JOHANNES 1:35-42
"DAARNA HET HY EERS SY BROER SIMON GAAN SOEK ..."

## GESELS:

- Andreas se eerste reaksie nadat hy Jesus ontmoet het, was om sy broer Simon Petrus te gaan roep. Wie sou jy graag eerste vertel?
- Wat dink jy het hulle bespreek toe hulle saam met Jesus gekuier het?

## DINK:

- Hoe voel jy oor die idee dat jou geloof ook jou familie kan beïnvloed?
- Watter klein stap kan jy neem om jou #imagine-storie te deel?



## BID:


Maak 'n lys van jou familielede en bid vir hulle.

# #SHARE

## VOLG JESUS:

HET JY GEWEET DAT 15 MILJOEN SUID-AFRIKANERS (WAARVAN 2.6 MILJOEN KINDERS IS) VANDAG HONGER IS? WAT KAN JY VANDAG MET IEMAND ANDERS DEEL? (OMKRING)





**Fun Fact:** Andreas bring die seuntjie met die 2 brode en 5 visse na Jesus in die verhaal van die vermeerdering van die broodjies en die vissies (Johannes 6:1-14).

# 4.SiMON PETRUS

**LEES MATTEUS 14:22-33**
**"HERE, AS DiT REGTiG U iS, BEVEEL MY OM OP DiE WATER NA U TOE TE KOM."**

## GESELS:

- Wat sal deur jou gedagtes gaan as jy in 'n storm op die see is en Jesus roep jou?
- Hoekom dink jy het Petrus eers op water geloop en toe begin sink?
- Wat sê Jesus se reaksie vir jou oor twyfel en geloof?

## DiNK:

- Wanneer was jou lewe al 'n "storm" van uitdagings?
- Wie help jou deur die storms van jou lewe?

## BiD:

Bid en deel jou uitdagings of hartseer met Jesus.

# #FOMO

## VOLG JESUS:

SUID-AFRIKAANSE TIENERS BELEEF TALLE UITDAGINGS, SOOS DRUK OM TE PRESTEER, ANGS, ARMOEDE, VEILIGHEID, GEESTELIKE GESONDHEID, ALKOHOL, DWELMS, VERHOUDINGS, EENSAAMHEID EN KUBERAFKNOUERY.


GESELS MET 'N MENTOR/VRIEND OOR HOE DIT REGTIG MET JOU GAAN... DEEL WAT GAAN GOED / OK EN WAARMEE SUKKEL JY OF WAT LAAT JOU LEEG VOEL...







**Fun Fact:** Jesus het vir Simon ook die bynaam Petrus of Sefas gegee het. Dit beteken Rots.



# 5. FILIPPUS

**LEES JOHANNES 1:43-46**
**"FILIPPUS KRY TOE VIR NATANAEL EN SÊ VIR HOM: ... 'KOM KYK' "**

## GESELS:

- Filippus het vir Jesus onmiddellik, sonder huiwering, gevolg (terwyl Natanael eers skepties was). Hoekom dink jy was dit vir hom so eenvoudig?

- Is jy die tipe persoon wat vinnig glo of eers meer wil uitvind?



- Filippus nooi eerste sy vriend Natanael na Jesus. Watter van jou vriende sou jy graag wou nooi om Jesus te volg?

## DINK:

- Wat staan in jou pad om ander te nooi?

## BID:

Watter van jou vriende voel ver van Jesus? Bid vir hulle.

# #iNViTE

## VOLG JESUS:

IN EUROPA iS DAAR TANS 'N TOENAME iN DiE AANTAL JONGMENSE WAT TOT BEKERiNG KOM, AS GEVOLG VAN CHRiSTENE WAT OP SOSiALE MEDiA HULLE GELOOF DEEL.

STUUR 'N BOODSKAP AAN iEMAND WiE JY LANKAL WOU UiTNOOi, EN NOOi DiE PERSOON NA 'N JEUGBYEENKOMS, EREDiENS OF BYBELSTUDiE.

SOEK JESUS SE VRiENDE

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| T | A | U | N | O | M | I | S | T | U | A | U | J | E |
| O | O | A | O | J | A | S | D | A | T | L | S | L | A |
| H | L | S | A | O | A | A | U | P | U | A | M | A | H |
| L | B | H | K | H | I | M | N | E | E | R | A | U | N |
| S | R | B | T | A | N | O | A | P | T | T | T | H | A |
| S | F | E | A | N | A | T | E | P | S | T | R | U | E |
| S | A | S | D | N | U | N | K | M | A | A | A | U | I |
| E | A | E | D | E | M | S | D | A | S | J | I | M | S |
| U | S | N | E | S | A | P | L | R | D | U | A | I | O |
| T | E | T | U | N | O | U | S | P | E | D | M | S | S |
| J | F | E | S | H | N | A | T | A | N | A | E | L | T |
| S | U | P | P | I | L | I | F | S | E | S | S | R | T |
| J | E | B | A | M | S | A | A | A | T | U | F | H | N |
| U | A | J | A | K | O | B | U | S | S | U | P | R | J |

**Fun Fact:** Die naam Filippus beteken "lief vir perde".




# 6.NATANAEL

**LEES JOHANNES 1:46-50**
**"HIER IS 'N WARE ISRAELIET, 'N MAN IN WIE DAAR GEEN BEDROG IS NIE."**

## GESELS:

- Natanael was eerlik en selfs skepties. Dink jy dit is verkeerd om vrae te hê?

- Hoekom dink jy het Jesus sy eerlikheid waardeer?

- Waarmee sukkel jy soms t.o.v. jou geloof – twyfel, vrae of dalk onbeantwoorde gebede?

## DINK:

- Watter deel van Jesus se woorde aan Natanael bemoedig jou?

- Hoe kan jy eerlik wees sonder om weg te beweeg van Jesus?

## BID:

Deel jou twyfel en vrae met Jesus.

# #NO FiLTER

## VOLG JESUS:

**STUDiES WYS TiENERS "GOOGLE" GELOOFSVRAE OOR SWAARKRY, DiE DOOD, DiE TOEKOMS, HOE OM 'N VERSKiL TE MAAK, GROEPSDRUK, KEUSES, DiE BYBEL, ENS.**

**SKRYF EEN VRAAG NEER WAT JY GRAAG ViR JESUS WiL VRA. GESELS MET 'N MENTOR EN BiD DAAROOR.**






**Fun Fact:**
Natanael is ook soms Bartolomeus genoem – dit beteken "seun van 'n saaier/boer".

# 7.TADDEUS

LEES JUDAS 1:20–22 (BYBEL ViR ALMAL)
"JULLE MOET MEKAAR BOU SOOS MENSE 'N HUiS BOU."

## GESELS:

- Ons weet nie baie oor die dissipel Taddeus (Lebbeus) nie, maar sy naam beteken "dapper hart". Watter eienskappe dink jy het hy gehad?
- Wat beteken dit om iemand wat twyfel te bemoedig of op te bou?
- Hoe kan jy ander se geloof help versterk?

## DiNK:

- Watter persoon in jou lewe het nodig om gehelp of opgebou te word?
- Hoe kan jy 'n "dapper hart" wees vir iemand anders?



## BID:

Bid vir iemand wat deur 'n moeilike tyd gaan.

# @USERNAME

## VOLG JESUS:

DIE GEWILDSTE BYNAME OF TWEEDE NAME IN SUID-AFRIKA IS PRECIOUS, PRINCESS EN ANGEL VIR MEISIES EN JUNIOR, BLESSING EN GIFT VIR SEUNS.

HOE HET JY JOU USERNAME OF INSTA-HANDLE GEKIES?

KIES VIR JOU 'N GEESTELIKE BYNAAM EN SKRYF DIT OP JOU SPIEËL.





**Fun Fact:** Taddeus se naam is ook Judas (nie Iskariot nie), daarom staan hy dalk eerder bekend onder sy bynaam Taddeus/Lebbeus. Dit beteken "dapper hart".

# 8.SiMON DiE SELOOT

LEES MATTEUS 5:43-48
"JULLE MOET JULLE VYANDE LiEFHÊ ..."

## GESELS:

- Simon was deel van 'n radikale godsdienstige/ politieke groep. Hoekom dink jy het Jesus iemand met só 'n agtergrond gekies?
- Watter voorbeelde ken jy van mense wie se harte deur liefde verander is?
- Hoe kan liefde vandag dinge verander waar geweld niks vermag nie?




## DiNK:

- Watter deel van jou lewe het Jesus se liefde nodig om te verander (#rebrand)?
- Waar kan jy vrede maak of sagter optree as 'n #imagineer?

**BiD:** Here, ek bid vir vrede...


# #REBRAND

## VOLG JESUS:

WĚRELDWYD IS DAAR TANS ONGEVEER 60 OORLOË WAT LANDE INSLUIT SOOS ISRAEL-PALESTINA, RUSLAND-OEKRAINE, SOEDAN, MIANMAR, DIE DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN KONGO EN LIBANON.

STAAN VANDAG OP TEEN GEWELD DEUR #IMAGINEPEACE OP JOU STATUS TE POST EN ONTWERP HIER 'N POSTER:



**Fun Fact:** Die woord "Seloot" beteken "ywerig" of "fanaties".

# 9.JUDAS ISKARIOT

**LEES MATTEUS 26:14-16 EN 21-25**
**"EEN VAN JULLE SAL MY VERRAAI."**

## GESELS:

- Hoekom dink jy het Judas vir Jesus (vir 30 silwer muntstukke) verraai?
- Hoe dink jy het hy gevoel toe Jesus sy motiewe uitwys?
- Wat leer hierdie verhaal jou oor verkeerde keuses en genade?

## DINK:

- Dink aan 'n keer toe jy ook spyt was oor iets. Wat het jy daaruit geleer?
- Wat beteken dit dat Jesus nooit sy rug op jou draai nie?

## BID:

Jesus, vergewe my waar ek ontrou was...

# #UNFOLLOW

## VOLG JESUS:

### SKRYF HIER NEER DIE DINGE WAT SOMS TÉ BELANGRIK VIR JOU RAAK...




**Fun Fact:** Judas het die geldsakkie van die dissipels gehou (Johannes 12:6) en was verantwoordelik vir hulle finansies. “Iskariot” kan beteken “man van Keriot,” ’n dorp in Judea.

# 10.JAKOBUS DIE KLEINE

LEES PSALM 115:1
"NIE AAN ONS NIE, HERE, NIE AAN ONS NIE, MAAR AAN U NAAM KOM DIE EER TOE ..."

## GESELS:

- In 'n wêreld van "likes" en gewildheid – waarom dink jy voel baie tieners soms "onsigbaar" of "klein"? #lowkey

- Jakobus die Kleine (ook genoem Jakobus seun van Alfeus) was nie bekend of invloedryk nie, maar Jesus het hom steeds gekies (Markus 3:18 en 15:40). Wat sê dit vir jou?

- Hoekom dink jy word die frase "nie aan ons nie" twee keer herhaal in Psalm 115:1?




## DINK:

- Wat laat jou soms soos 'n "klein" of onbelangrike persoon voel?

- Hoe verander jou selfwaarde as jy weet God sien jou en kies jou – al sien ander jou nie raak nie?

## BID:


Begin jou gebed met "Dankie Here dat U my raaksien... "

# #LOWKEY

## VOLG JESUS:

**3.2 MILJOEN LEERDERS IN SA WORD JAARLIKS GEBOELIE, EN 16% VAN TIENERS BELEEF AANLYN BOELIEGEDRAG.**

**UITDAGING - KYK HOEVEEL VAN DIE VOLGENDE JY KAN DOEN OM GAAF TE WEES VIR IEMAND ANDERS (OMKRING DIÉ WAT JY VOLTOOI):**















**Fun Fact:** Ons weet nie of Jakobus die Kleine so genoem is omdat hy jonger, fisies kleiner of minder bekend was as die ander Jakobus nie. Al was hy "#lowkey" het God hom gebruik.

# 11. TOMAS

LEES JOHANNES 20:24–29
"… MOENIE LANGER ONGELOWIG WEES NIE, MAAR WEES GELOWIG."

## GESELS:

- Baie tieners "google" groot geloofsvrae. Dink jy om te twyfel beteken dat jy minder glo?

- Hoekom dink jy was Tomas eerlik oor sy twyfel (hy h
bewyse gevra)? Is dit verkeerd?

- Wat beteken Jesus se woorde vir jou:
"Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo" (Joh 20:29)?



## DINK:

- Watter vraag of twyfel dra jy al lank saam met jou?

- Wat in hierdie teks bemoedig jou om met jou vrae na Jesus toe te kom?

## BID:

Deel jou vrae, twyfel of bekommernisse met Jesus.

# #DOUBTER

## VOLG JESUS:

SUID-AFRIKAANSE STUDIES WYS DAT TIENERS DIKWELS SKAAM IS OM OOR HULLE GELOOF TE PRAAT OMDAT HULLE BANG IS DAT HULLE “DOM” VRAE VRA.

WEES BRAAF EN BESPREEK JOU TOP DRIE VRAE OOR GELOOF MET ’N MENTOR OF JEUGLEIER.



?

?

?

**Fun Fact:** Tomas word ook Didymus genoem – albei name beteken “tweeling” (Johannes 11:16). Dalk was hy een van ‘n tweeling gewees.

# 12.MATTEUS

## LEES MATTEUS 28:16-20
## "GAAN DAN NA AL DIE NASIES TOE EN MAAK DIE MENSE MY DISSIPELS ..."

## GESELS:

- Matteus het Jesus se lewe neergeskryf in die Boek Matteus. Hy was dus 'n tipe "content creator" vir die evangelie. Watter stories oor Jesus deel jy graag?

- Hoekom dink jy het Jesus iemand met 'n "verlede" gekies om sy boodskap te help versprei?

- Hoe voel jy oor Jesus se opdrag dat sy volgelinge sy verhaal moet deel?



## DINK:

- As jy 'n kort video of post moes maak oor Jesus se invloed op jou lewe, watter 3 woorde sou jy gebruik?

- Omkring watter woord/frase in die teks die meeste met jou praat – "gaan", "maak dissipels", "leer", of "Ek is met julle"?

## BID:

Here, help my om...

# #CONTENTCREATOR

## VOLG JESUS:

NAVORSING WYS DAT DIE GEMIDDELDE TIENER MEER AS 4 URE PER DAG OP HUL FONE IS. DAAR IS NADELE VAN TE VEEL SKERMTYD, MAAR DIS OOK 'N GELEENTHEID OM TE GETUIG.

DEEL VANDAG IETS OOR JOU GELOOF AANLYN (AL IS DIT NET 'N TEKSVERS OP JOU STATUS) OF MAAK 'N VIDEO MET EEN VAN DIE VOLGENDE HASHTAGS ASOOK #IMAGINEMOVEMENT.




**#imagine2026**

**#geroep**

**#gestuur**

**#dissipel**

**#followjesus**

**#droomglodoen**

**Fun Fact:** Matteus (wat beteken "gawe van God") was ook Levi genoem. Hy was 'n belastinggaarder (tollenaar).

# 13. MARIA MAGDALENA

LEES JOHANNES 20:11-18
"MARIA MAGDALENA HET GEGAAN EN VIR DIE DISSIPELS VERTEL: 'EK HET DIE HERE GESIEN!' "

## GESELS:

- Maria Magdalena bly by Jesus se graf en huil toe ander al huis toe is. Wat sê dit vir jou oor haar?

- Hoekom dink jy kies Jesus vir haar as die eerste persoon aan wie Hy ná sy Opstanding verskyn?

- Sy word die eerste getuie van Jesus se Opstanding. Wat beteken dit om 'n "getuie" te wees van iets wat jou lewe verander het?




## DINK:

- Wanneer het jy al gevoel hoop is weg - en toe verras God jou?

- Wat hou jou soms terug om te praat oor wat Jesus vir jou beteken?

# #LIVESTREAMER

## VOLG JESUS:

WAAR/VALS? JONGMENSE DEEL EERDER GELOOF DEUR PERSOONLIKE STORIES AS DEUR ARGUMENTE.

DEEL HIERDIE WEEK EEN EENVOUDIGE STORIE OOR WAAR JY GOD SE GOEDHEID RAAKGESIEN HET. GEBRUIK DIE WOORDE OM JOU TE HELP:



Iets in die natuur wat my aan die Here laat dink is...

'n Worship-lied wat my tans bemoedig is...

Iemand wat dié week vir my 'n voorbeeld was...

...dit het my herinner aan Jesus se liefde.

## BID:

Vra dat die Heilige Gees jou vul en help om te getuig.

**Fun Fact:** Het jy geweet baie vroue het ook Jesus gevolg? Volgens Joh 8:2-3 was Maria Magdalena bevry van sewe bose geeste en het sy Jesus daarna gevolg terwyl sy Hom ook finansieël ondersteun het.

# 14.JOHANNA

LEES LUKAS 8:1–3 EN LUKAS 24:9–10
"HULLE HET JESUS EN DIE TWAALF ONDERSTEUN UIT HULLE EIE MIDDELE."

## GESELS:

- Johanna het Jesus nie net gevolg nie; sy het Hom met haar eie besittings ondersteun. Wat beteken dit om meer as net 'n "kyker" te wees?
- Sy was getroud met Gusa, 'n bestuurder in Herodes se huishouding. Hoe dink jy voel dit om Jesus te kies al voel jou familie anders?
- Wat beteken dit vandag om 'n "top fan" van Jesus te wees – nie net in woorde nie, maar in dade?

## DINK:

- Op watter maniere ondersteun jy tans Jesus se werk – jou tyd, jou geld, jou energie, jou invloed?
- Waar hou jy dalk terug om jou geloof openlik te wys?

## BID:

Sê vandag vir Jesus alles waarvoor jy dankbaar is.

# #TOPFAN

## VOLG JESUS:

BAIE MENSE ONDERSTEUN INFLUENCERS AANLYN DEUR LIKES EN SHARES. JOHANNA HET JESUS ONDERSTEUN MET HAAR HELE LEWE.

#IMAGINEERS – DOEN HIERDIE WEEK IETS PRAKTIES OM GOD SE WERK TE ONDERSTEUN: HELP BY DIE KERK, GEE IETS VAN JOUSELF, OF STAAN OP VIR JOU GELOOF WANNEER DIT NIE MAKLIK IS NIE.

SKRYF HIER NEER WAT JY GEDOEN HET:



**Fun Fact:** Johanna was ook een van die vroue wat eerste by die leë graf was en die Opstanding gaan aankondig het (Lukas 24:10). Sy was nie net ’n ondersteuner nie – sy was ook ’n getuie (#topfan).

# 15.MARIA (VAN BETANIË)

**LEES LUKAS 10:38-42**
**"MARIA HET AAN DIE VOETE VAN DIE HERE GAAN SIT EN NA SY WOORDE GELUISTER."**

## GESELS:

- Marta was besig, Maria het gaan sit en luister. Met wie identifiseer jy meer?

- Hoekom dink jy sê Jesus Maria het "die beste deel" gekies?

- Wat maak dit vir jou moeilik om stil te sit en regtig te luister?



## DINK:

- Het jy al ervaar dat 'n mens van buite gesien rustig kan wees, maar binne in jou gedagtes te besig?

**BID:** Raak stil. Haal diep asem. Luister.

# #LOCKEDIN

## VOLG JESUS:

**TIENERS LEEF IN 'N WÊRELD VAN KONSTANTE BOODSKAPPE, SKERMS EN GERAAS. STILWORD MOET DAAROM INGEOEFEN WORD.**

**#IMAGINEERS – SIT HIERDIE WEEK ELKE DAG VIR 5 MINUTE SONDER JOU FOON EN WEES #LOCKEDIN...**



Rewind - deel jou dag met die Here.

Pause - en raak stil. Luister.

Play - lees 'n teks of luister na 'n worship lied.

Forward - deel jou bekommernisse en bid vir jou dag wat voorlê.

**Fun Fact:** Maria was die suster van Marta en Lasarus. Jesus het Lasarus uit die dood opgewek (Johannes 11) en die Bybel sê Hy het hierdie familie liefgehad — hulle huis was 'n plek waar Jesus dikwels gekuier het.

# 16. SALOME

**LEES MARKUS 15:40–41 EN 16:1**
**"OOK VROUE HET DAAR VAN VER AF GESTAAN EN KYK ... HULLE HET HOM GEVOLG EN HOM GEDIEN TOE HY IN GALILEA WAS."**

## GESELS:

- Vandag sê mense "#nocap" wanneer iets eg en waar is. Hoe kan jy weet iemand se geloof is regtig en nie net vir die "show" nie?

- Salome was by die kruis toe baie ander weggehardloop het. Wat sê dit vir jou van haar geloof?




- Wanneer is dit vir jou moeilik om getrou te bly aan jou geloof?

## DINK:

- Wat help jou om by Jesus te bly, selfs wanneer jy Hom nie duidelik sien werk nie?

## BID:

Bid vir egte geloof en dat Jesus jou sal help om getrou te wees in alle omstandighede.

# #NOCAP

## VOLG JESUS:

**TIENERS WAT SPORT DOEN ERVAAR DIKWELS DIE DRUK OM TE PRESTEER EN BETER AS ANDER TE WEES. HOE KAN 'N SPORTMAN OF -VROU GETROU BLY AAN JESUS?**

**KIES VANDAG OM EG TE WEES IN JOU GELOOF - #NOCAP. SKRYF HIER 'N GEBED NEER HIEROOR...**

**Fun Fact:** Markus 15:41 sê dat Salome en die ander vroue Jesus "gevolg en gedien" het — dieselfde woorde wat vir dissipels gebruik word.
Sy was nie net daar nie; sy was 'n ware volgeling (#nocap).

# 17.MARTA

**LEES JOHANNES 11:17-44**
**"JA, HERE," SÊ SY VIR HOM, "EK GLO VAS DAT U DIE CHRISTUS IS, DIE SEUN VAN GOD ..."**

## GESELS:

- Marta se broer is pas oorlede. Hoe dink jy het sy gevoel toe Jesus nie betyds opgedaag het nie?
- Sy deel haar hartseer en terleurstelling: "Here, as U hier was..." Wat leer dit vir jou oor eerlikheid teenoor Jesus 'in real life" (#IRL)?
- Sy bely egter ook haar geloof. Het jy al ooit vir Jesus vertrou terwyl jy nog hartseer, kwaad of onseker was?



## DINK:

- Watter donker of moeilike situasie beleef jy tans?
- Hoe kan jy, soos Marta, steeds getuig van wie Jesus is – selfs al verstaan jy nie alles nie?

## BID:

Deel jou emosies eerlik met Jesus.

# #IRL

## VOLG JESUS:

TIENERS SE STORIES IS VOL VAN TELEURSTELLINGS EN MOEILIKE OMSTANDIGHEDE "IN REAL LIFE" (#IRL). WATTER "SONGS" HELP JOU IN SULKE TYE?


VRA JOU VRIENDE OM HULLE TOP WORSHIP SONGS VIR JOU TE STUUR EN STEL 'N "PLAYLIST" SAAM OM TE LUISTER AS DIT SWAAR GAAN.



**Fun Fact:** Marta en Maria is susters. Marta word dikwels onthou as die "besige suster" in Lukas 10, maar in Johannes 11 is dit sy wat die diepste geloofsbelydenis maak.

# Encounters


## BOU GEBEDSTASIES VIR JOU GEMEENTE OF SKOOL:




Skryf jou behoeftes in die meel, want Jesus is die **Brood van die Lewe.** Joh 6:48, 51




Bid vir jou gemeente en maak 'n simbool uit klei, want Jesus is die **Pottebakker.** Jes 64:8




Maak jou duimafdruk as "blare" en bid vir jou vriende, want Jesus is die **Wingerdstok.** Joh 15:5




Bid vir jou huisgesin en skryf hulle name op 'n klip, want Jesus is jou **Hoeksteen.** Ef 2:20




Steek 'n kersie aan en bid dat Jesus, die **Lig vir die Wêreld,** jou sal gebruik. Joh 9:5



Skryf jou naam in die skaap-prent, en kies om die **Goeie Herder** te volg wat jou roep. Joh 10:11



Laat 'n blom dryf in die water en bid vir SA, want Jesus is die **Lewende Water.** John 4:13-14



Maak 'n knoop in die tou & bid vir jou dorp om Jesus, die **Visser van Mense,** te volg. Mark 1:17

# "Connect" aanlyn

Deel 2 foto's van jouself saam met vriende terwyl julle in jul plaaslike gemeenskap, kerk of skool dien. Merk @imaginemovement! #ImagineChallenge

Sluit aan by jou Experience WhatsApp-gemeenskap. Jy sal eerste die nuutste nuus ontvang!

Maak ‘n getuienis-video en post dit op TikTok. Tag #imaginemovement

Gaan teken in op ons YouTube-kanaal @imaginemovementsa. Deel die hoogtepunt-video of imagine liedere met familie en vriende!

Like die #imagine Facebook-bladsy en deel jou geloofstorie met ‘n video: https://www.facebook.com/imaginemove #ImagineFaithStory

# MOENIE WAG NIE.
# JOU STORIE IS DIE NET.
# GAAN EN VUL DIT.

#imagine